# DIE STRYD IN ALGERIË – 'N HISTORIE OORSIG*

Prospero:

Abhorred slave,
which any print of goodness wilt not take,
Being capable of all ill! I pitied thee,
Took pains to make thee speak, taught thee each hour
One thing or other...

Caliban:

You taught me language; and my profit on't
Is, I know how to curse.

(The Tempest: Shakespeare).

*Inleiding*

Die wêreld het voorverlede maand met verligting die nuus verneem dat 'n ooreenkoms tussen Frankryk en die Algerynse rebelle bereik is om die bittere oorlogstryd van die afgelope agt jaar te beëindig. Hiermee is 'n nuwe bedeling in Algerië afgekondig. Of dit nuut sal wees, in die sin van anders as die orde van geweld en bloed van die afgelope jare, val egter te besien.

In die 132 jaar van Franse kolonisasie is Algerië totaal omgevorm. Wat Algerië vandag is, is hoofsaaklik te danke aan die Franse. Hierby rus die hele Algerynse ekonomie op Frankryk as die spilpunt en dit is een van die grootste struikelblokke in die toekomspad van Algerië. Die prestasies van Frankryk in Algerië word tans totaal geïgnoreer of verklein. Miskien is dit omdat die meeste hiervan dalk te laat gekom het, of dat dit dikwels net die blanke gemeenskap bevoordeel het, of dat dit oorskadu is deur ydele beloftes, sielkundige flaters, of wat ook al. Ten einde egter tot 'n behoorlike objektiewe siening van die hele aangeleentheid te kom, moet derhalwe eerstens op al die beskikbare agtergrondsfeite gelet word.

*Die blanke bevolking*

Fransman en Algerynse Inlander het vir die eerste maal in 1830

* Lesing gehou voor die Afrika-seminaar van die P.U. vir C.H.O. op 16 Mei 1962.

daadwerklik met mekaar in kontak gekom toe 'n Franse ekspedisie na Algerië gestuur is. Hierdie ekspedisie het egter nie gespruit uit 'n koloniale uitbreidingsdrang van Frankryk nie, dit was slegs die finale episode in 'n dispuut oor geld wat die Franse Regering sedert die Franse Rewolusie aan twee Joodse handelaars, en in die stadium aan die Turkse Bei van Algerië, geskuld het. Moeg van die ontwykende woorde van die Franse, het die Bei die Franse konsul ontbied en op positiewe stappe aangedring. Op die konsul se negatiewe antwoord het die Bei hom versoek om die vertrek te verlaat, die konsul het geweier en die Bei het hom in sy opgewondenheid met 'n vlieëplak deur die gesig geraps. Dit was dan die onmiddellike oorsaak van die Franse ekspedisie na Algiers.

Die werklike motiewe kan in die wankelende regime van Karel X gesoek word. 'n Militêre oorwinning in Algerië sou, so het hy gehoop, sy prestige herstel. Polignac, sy Eerste Minister, het egter groter vergesigte gesien: „. . . om die invloed van Frankryk op die Afrikaanse kus van die Meditterreense See te vestig, en tot in die hart van Asië". Generaal Gérard, sy Minister van Oorlog, het in Algerië nie alleen 'n oord vir die Franse surplusbevolking gesien nie, maar ook 'n bevoordeling van die Franse handel. Dit was egter Lodewyk Philippus, wat slegs 'n paar weke na die eerste ekspedisie na Algiers aan bewind gekom het, wat verklaar het dat dit Frankryk se doel was om aldaar 'n belangrike kolonie te stig.

Ten tye van die Franse ekspedisie na Algerië was die land reeds sedert die sestiende eeu onder Turkse soewereiniteit. Die Turke het egter nooit algehele kontrole oor die binneland uitgeoefen nie en stamoorloë het gedurig geheers.

Dit het Frankryk 17 jaar geneem om die verowering van Algerië te voltooi, en dikwels is van die allerwreedste metodes gebruik gemaak. Hele gemeenskappe is soms uitgeroei.

Om die permanente heerskappy van Frankryk in Algerië te bewerkstellig is kort na 1830 met die kolonisasie van die gebied begin. Die vroegste setlaars was hoofsaaklik avonturiers wat daarop uit was om spoedig groot fortuine op te bou. Later is van die laer klasse van Frankryk oorgestuur. Na die 1849-Rewolusie is nie minder nie as 13,500 werkloses, wat as rusverstoorders in Parys beskou is, na Algerië verskeep. Vanuit ander lande het daar ook setlaars gekom — in so 'n mate dat daar in 1839 slegs 11,000 Franse uit 'n blanke bevolking van 25,000 was. In 1848 het die getalle van die blanke bevolking tot 40,000 aangegroei en in 1881 is dit reeds 376,000. Volgens die sensus van 1954 was die getal blankes in Algerië 954,069 terwyl dit bereken word dat daar vandag ongeveer 1.200,000 blanke „colons" is. Dit is die tweede grootste blanke groep in enige staat in Afrika. Ongeveer 11% is in Frankryk gebore en ongeveer 7% in ander Europese lande. M.a.w. die grootste deel van die bevolking is in Algerië gebore en vele is reeds vir geslagte daar.

In die vroegste stadiums tot 1852 was kolonisasie direk onder

staatsbeheer. Later is maatskappye gestig wat in besit van groot stukke grond gekom het — grond wat dikwels sonder betaling van die inheemse bevolking geneem is.

Frankryk, in teenstelling met Brittanje, het in sy verhouding tot Algerië en sy ander kolonies die beleid van identiteit gevolg, en na 1870 is volle assimilasie van Algerië met Frankryk gepropageer. Die Arabiese kultuur en godsdiens is as minderwaardig beskou. Alle Algerynse nasionale sentiment is ontmoedig, Mohammedaanse feesdae is nie as vakansiedae deur die staat erken nie, Arabies is nie as amptelike taal in skole gebruik nie. Selfs moskees is in kerke verander. Die Algerynse Mohammedane moes Franse word. Stamme wat die Franse beleid met opstande of andersins teengegaan het, se grond is onteien, deur die staat oorgeneem en oopgestel vir kolonisasie. Tussen 1881 en 1889 is 45% van die landbougrond van die Algeryne onder dwang verkoop. Die minagting van hulle godsdiens, taal en kultuur en die onteiening van hulle grond, was vir die Algerynse Moslems 'n bitter pil om te sluk.

A.g.v. die menigerlei verskille tussen hulle het kontak tussen die Franse en die Algeryne al gou wrywing veroorsaak. Beide die Mohammedanisme en die Rooms-Katolisisme (die oorgrote meerderheid van die blankes was lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk) is sterk dinamies en botsings het in dié opsig spoedig plaasgevind. Vanaf die vroegste tye was dit juis die doel van die Europeërs om die mag van die Mohammedane in Noord-Afrika te breek, soos blyk uit die aanvalle wat die Europeërs reeds gedurende die Renaissance op Noord-Afrika gemaak het. Op hierdie gebied het daar dus vanself 'n verwydering tussen die koloniste en die Mohammedane tot stand gekom.

Met hulle hoër beskawingspeil, hoër ontwikkeldheid, ens. het die Franse dadelik die moontlikhede van die gebied ingesien en also dan ook die vrugbaarste dele beset. Die groot verskil in die beskawingspeil en die ekonomiese posisie van die twee groepe was o.a. die oorsaak dat die koloniste met 'n mate van veragting op die inheemse bevolking neergesien het. Die woord „naturel" het net soos in Suid-Afrika, 'n konnotasie gekry van een wat agterlik is.

Ook op politieke terrein het die koloniste daarin geslaag om die oorheersende posisie te verkry. Hulle was in staat om sterk druk op die wankelende Franse regerings uit te oefen en het gevolglik daarin geslaag om hulle beleid in Algerië deur te voer. Toe daar in 1947 a.g.v. druk aan die kant van die Moslems 'n plaaslike parlement van 120 lede ingestel is, het die blankes tog daarin geslaag om die helfte van die verteenwoordigers te kry hoewel hulle een-sesde van die totale bevolking van die land uitgemaak het. Deur op hegte bande met Frankryk aan te dring en deur groepsverteenwoordiging, het die koloniste hulle posisie in Algerië probeer handhaaf. Dit was 'n verdere oorsaak van verwydering tussen die

twee groepe en die begeerte van die Mohammedane om van Frankryk af te skei.

Groot getalle Spanjaarde, Italianers, e.a. setlaars het ingevolge die Naturalisasiewet van 1889 sedertdien Franse burgers geword. Hoewel ander tale nog baie voorkom — Oran is bv. meestal Spaanssprekend — beskou hierdie mense hulle nogtans as Franse burgers en is hulle patriotisme net so intens, indien nie meer as die van die Franse koloniste self nie. Hulle enigste tuiste is Algerië en hulle beskou dit inderdaad so. Dieselfde geld ook van die armblankes van Franse oorsprong. Hulle staan bekend as „pieds noirs" (die mense met die swart voete) en hulle woon in die minder gegoede dele van Algiers, soos in Bab-el-Oued. Hulle lewenstandaard is veel laer as wat dit in Frankryk sou gewees het en is dit skaars hoër as die van die Moslems. Hulle beklee minder belangrike administratiewe poste, werk in kafees en in klein winkeltjies of in fabrieke, maar hulle is meestal ambagsmanne. Algerië is hulle land, en verknog aan hierdie land keur hulle enige pogings van gelykstelling van die Moslem met hulle ten sterkste af. Vele van hulle was direk na die Tweede Wêreldoorlog ondersteuners van die Sosialistiese en selfs die Kommunistiese Partye. Maar selfs dit het hulle nie weerhou van veragting jeens die Moslems nie, asook hulle begeerte om Algerië Frans te hou nie. As armblankes vorm hulle die groot probleem. Die bittere keuse waarvoor hulle nou te staan kom, is soos Mansell dit in „Tragedy in Algeria" stel, die keuse tussen „the suitcase or the coffin". Óf hulle verlaat Algerië, óf hulle sterf. Tog het hulle nie die fondse om Algerië te verlaat en op 'n ander plek wortel te skiet nie. Hulle frustrasies en bitterheid, net soos die van die meerderheid van die blankes, kan ons wel deeglik begryp. Hulle voel dat die oorsaak van al hulle lyding en bekommernisse die verkeerde beleidsrigtings van politici en idealiste in Parys is, mense dus wat volgens hulle nie met die werklike feite bekend is nie. Generaal De Gaulle is die jongste toevoeging tot die lang lys van verraaiers van Frans-Algerië. „Ons grootste grafgrawers is in Frankryk", is die algemene idee.

Liberaliste onder die blankes — en hulle is meer as wat algemeen aanvaar word — word nog erger behandel. Hierdie liberaliste word veral onder die Rooms-Katolieke geestelikes gevind. Die Aartsbiskop van Algiers, M. Duval, is bv. algemeen bekend as „Mohammed Duval".

Dit is geen wonder dat gevoelens daar onder die blankes hoog loop nie, want dit is die reaksie van 'n bevreesde, verbitterde, warmbloedige klomp mense, wat tot desperaatheid gedryf is deur te moet toekyk hoe die hele basis van hulle bestaan bedreig word deur 'n mag wat hulle nie verstaan nie. Met hulle slagkreet „Algérie Francaise" spreek hulle nie hulle verbintenis met Frankryk soseer uit nie, maar eerder hulle verlange na die Algerië van ouds waarin hulle die bevoorregte minderheid was. Hierdie gevoelens is verskerp deur hulle isolasie en magteloosheid teenoor besluite wat buite hulle land geneem word — in Parys en in Tunis.

'n Ander groot rede tot frustrasie is hulle onvermoë om sosiaal met die Moslems om te gaan. Dit behels in der waarheid die mislukking van menslike verhoudings, waaraan die rebellie dan ook toegeskryf kan word. In Algerië is daar mense uit twee verskillende kulture wat mekaar nie kan verstaan en begryp nie. Of soos Mansell dit stel: „Algeria is the meeting point of two worlds which history has brought together for better or for worse".

Van die hele blanke bevolking is slegs 19,700 „nedersetters" in die ware sin van die woord — dus grondbesitters of boere. Saam met hulle gesinne sal hulle getalle nie eens 200,000 uitmaak nie. Die meeste van hierdie nedersetters besit plase van gemiddelde grootte en slegs 'n klein handjievol besit werklike grotes. In 1957 is dit bereken dat ongeveer 7,500 families minder as 20 acre besit het, 300 was welgesteld en slegs 10 was baie ryk. Lg. groep besit meer as die res gesamentlik.

Die groot massa blankes is verstedelik (75%). Die meeste het min persoonlike kontak met die Moslems, behalwe vir hulle kontak met die Moslems as huisbediendes, posbodes, groenteverkopers, ens. De facto het 'n soort segregasie ontstaan. Aan die boonste sporte van die blanke bevolking vind ons dus die groot grondbesitters en besigheidsmense. Deur hulle verbintenis met die besigheidswêreld en die politiek in Parys, het hulle die lot van Algerië beslis, en met sukses die pogings van die agtereenvolgende Franse Regerings beveg teen die instelling van politieke en sosiale hervormings in Algerië. Dit was hulle wat die Blum-Violette-plan in 1936 teengestaan het en slegs Clemenceau se eie persoonlike wil het tot die deurvoer van die hervorminge in 1919 gelei. Onder hulle invloed het ook vele liberaal-gesinde goewerneurs tot 'n val gekom, bv. Chataigneau in 1947.

In die oorsese pers, en dan veral dié van Amerika, word die blankes beskou as „kanniedood"-kolonialiste. Dit is miskien waar in sommige gevalle, maar die term kan nie in die algemeen gebruik word nie. Die blanke Algeryne wil eerstens hulle wonings, hulle vryheid en hulle selfregerende instansies beskerm. Onder die Republiek was dit wel moontlik, nie alleen vir hulle nie, maar ook vir die Moslems. Die blankes het geen vertroue in 'n Moslembewind nie, en sal tot uiterstes gaan om dit te bestry. Hulle beskou dit as 'n bedreiging van hulle vryheid en hulle lewenswyse.

*Die Moslembevolking*

Die oorspronklike bewoners van Noord-Afrika was die Berbers. Min is bekend aangaande hulle oorsprong. Wel bekend is dat hulle aan verskillende rassegroepe behoort en dat hulle geen alfabet besit nie. Hulle taal kom grootliks ooreen met Arabies. Tulle is hoofsaaklik 'n passiewe volk en daarby intens teensinnig teenoor enige aangestelde outoriteit. „My heer is my vyand", is bv. een van hulle spreuke. Met al hulle kragte

het hulle dan ook die Romeinse, Bisantynse, Vandaalse, Arabiese, Turkse en Franse oorheersings teengestaan. A.g.v. die Arabiese invalle van die sewende en elfde eeue, is hulle bekeer tot die Islam en het die Arabiere ook 'n nuwe ras-element ingebring. Dit was slegs in die afgeleë bergagtige gebiede waar die Berbers as 'n aparte gemeenskap kon bly voortbestaan. Ongeveer 27% van die Moslembevolking van Algerië praat vandag nog die Berbertaal.

In 1830 het die Moslems slegs 1½ miljoen getel. Vandag het die syfer opgeskuif na 9 miljoen. Hierdie geweldige toename was die gevolg van die natuurlike aanwas van die bevolking, sowel as die feit dat hulle weens die koms van die blankes nou minder gepla was deur stamgevegte, hongersnode en epidemies. Die toename van die Moslembevolking in Algerië is van die snelste in die wêreld.

Op 'n latere stadium sal die ekonomiese toestande van die land bespreek word, maar dit is nodig om hier daarop te let dat ongeveer 800,000 Moslems werkloos is. Die grootste meerderheid van die Moslems (78% van die totaal) is boere, hoewel die landbou-opbrengste slegs 38% van die totale Algerynse inkomste uitmaak.

Daar is verder nie minder as 400,000 Algeryne wat werksaam in Frankryk is nie, en hulle verdienste dra grootliks daartoe by om hulle gesinne in Algerië enigsins 'n waardige bestaan te bied. Hulle geniet voorkeur op die Franse arbeidsmark a.g.v. hulle Franse „identiteitskaarte"; daar sonder sou hulle maklik vervang kon word deur Tunisiese en Marokkaanse arbeiders wat doeltreffender arbeid kan lewer. Jean Rime in „The struggle of the Algerians against famine" merk die volgende op: „For every unskilled labourer there are two unemployed men whose destiny is to be unemployed, who have never known a job and who have no hope of ever finding one, to whom the papers one day will apply the formula 'died a natural death', in other words died of hunger — men who will make the most of every flat stone, of every corner of a wall warmed by the sun to sleep so as to forget hunger and despair".

Hierdie swak toestand van sake kan gedeeltelik toegeskryf word aan kolonisasie en die geweldige vermeerdering in hulle getalle. Voor 1830 het die nomadiese stamme van veeboerdery gelewe en die ander van landbou en veeteelt. Met die koms van die blankes het groot getalle van hierdie mense landloos geword as gevolg van die uitruil, verkoop maar in sommige gevalle die willekeurige neem van grond deur die blankes. Hierdie verskynsel tesame met die geweldige aanwas van die Moslembevolking het die verstedeliking van die Moslems versnel. In die stede is hulle geheel en al uit hulle vorige stamverbande en gewoontes geruk. Daar is bereken dat slegs een derde van die Moslembevolking die groot kloof tussen hulle vroeë Middeleeuse beskawing en die 20e-eeuse Westerse lewenswyse tot 'n redelike mate oorbrug het. Hulle is veral diegene wat in die Franse leër gedurende die twee wêreldoorloë gedien het en op

die wyse met die blanke in nouer kontak gekom het. Baie van hulle het dan ook na Frankryk verhuis, waar hulle veel hoër lone ontvang het as in hulle tuisland. In die agterstrate van die Franse stede het hierdie mense nog meer van hulle tradisies afgesterf as voorheen en daarby is by hulle 'n blywende minderwaardigheidsgevoel ingeplant. Dit is dan ook nie toevallig dat distrikte in Algerië waarna die grootste aantal „trek-arbeiders" teruggekeer het, die was waar die rebellie die vroegste begin het nie.

Op 'n klein minderheid van die Algerynse Moslems het die Franse kolonisasie 'n ander uitwerking gehad. Die voorsiening van 'n Franse onderwysstelsel aan almal, ongeag ras, was lank reeds een van die hoekstene van die Franse koloniale beleid en ook een van die maniere waarop die Franse onderdane geleidelik geassimileer is en Franse geword het. Slegs 'n klein persentasie Moslems kon die voordele van onderwys geniet, maar weens die ontoereikende onderwysfasiliteite is hierdie getal maar baie klein. Aan die ander kant is dit ook waar dat die colons die verskaffing van onderwys-fasiliteite aan die Moslems ten sterkste teengegaan het. Van die enkele Algerynse Moslems wat in die Franse skole opgeneem is, het 'n aantal ook volle Franse burgers geword. Hulle het die Franse kultuur aangeneem, maar spoedig uitgevind dat hulle, ten spyte daarvan, nie deur die Franse aanvaar is nie en ook nie meer deel van hulle eie gemeenskap uitgemaak het nie. Vir die massa wat sterker as ooit aan hulle tradisies en godsdiens begin vasklou het, was daar nie skole nie. Weens die gebrek aan onderwysgeriewe het hulle 'n proletariaat van werkers op die platteland en in die stede gevorm. Algehele assimilasie met Frankryk het dus nie plaasgevind nie.

'n Opgevoede Moslembourgeoisie het nietemin met verloop van tyd ontwikkel, vele is in die Franse universiteite opgeneem en het uitgetree as geneeshere, onderwysers, advokate, ens. Hierdie Moslemse intellektuele ‚elite', waarvan Ferhat Abbas miskien die beste voorbeeld is, het steeds die beleid van assimilasie ondersteun. Wat hulle begeer het, was gelykheid in 'n Franse Algerië, dieselfde politieke regte as die Franse en *nie* die onafhanklikheid van die Mohammedaans-Algerynse nasie nie, iets waarin hulle buitendien op daardie stadium nie geglo het nie. Hulle het die diskriminasie in Algerië, veral na die sorgvrye bestaan aan die Franse universiteite, bitter gevoel. Hulle moeilikhede is vergroot deur hulle swak kennis van hulle eie Arabiese taal en die feit dat hulle nie meer veel gemeen met hulle rasgenote gehad het nie. Hulle was geheel en al van die massa geïsoleer — nog nie deur die Franse aanvaar nie, en ook nie meer deel van hulle eie mense nie. Hulle is rondgeslinger tussen twee beskawings — die tradisionele een wat nog 'n sterk houvas op hulle uitgeoefen het, en aan die ander kant die Franse beskawing en die Westerse lewenswyse. Baie van hulle het met Franse vrouens in die huwelik getree (Ferhat Abbas bv.) en na Frankryk verhuis waar hulle tot 'n redelike mate in die Franse gemeenskap opgeneem is, sodat hulle meer tuisgevoel

het in Frankryk as in hulle eie vaderland. Ferhat Abbas het selfs in 1936 die volgende gesê: „If I had discovered the Algerian Nation I would be a nationalist and I would not be ashamed of it as if it were a crime... I will not die for the Algerian fatherland, because it does not exist. I have not found it. I have searched history, I have questioned both the dead and the living, I have visited the graveyards: no one mentions it, not even once. One cannot build on wind".

Ferhat Abbas se daaropvolgende radikale politieke verandering en sy besluit in 1956 om deel te neem aan die rebellie, is tipies van wat met vele van die Franse ‚évolués' gebeur het. Hulle is verbitter deur die blanke se weiering om hulle op sosiale gebied as gelykes te aanvaar, selfs nadat hulle lede van die Franse Parlement in Parys geword het (1945—1946). Geleidelik het hulle weggedryf in die rigting van nasionalisme. Die tragedie van hierdie mense is die tragedie van Frans-Algerië, want hulle was die laaste kans — 'n kans wat versmaai is sonder dat die grootste deel van die Franse enigsins daarvan bewus was.

*Die ekonomiese agtergrond*

'n Besoeker aan Algerië word altyd getref deur die Franse atmosfeer van Algiers en Oran en die vrugbare streke rondom die twee hawens. Maar om dan aan te neem dat dit die karakter van die hele Algerië is, is slegs 'n hersenskim. Die vrugbare Mitidja-vlakte rondom Algiers is slegs 50 myl lank en 10 myl breed. Ten spyte van die glinstering van stede soos Algiers en Oran, 25,000 myl paaie en 3,000 myl spoorlyne, is Algerië 'n baie arm land. Byna die helfte van die oppervlakte van Algerië bestaan uit woestyne en berge, en van sy totale beboubare oppervlakte van 13 miljoen hektaar, is slegs 7 miljoen onder verbouing.

Wat bou en klimaat betref, stem Suid-Afrika en Algerië nogal baie ooreen. Suid-Afrika is op die suidelike uithoek en Algerië op die noordelike uithoek geleë. Daar is dus heelwat ooreenkoms tussen hulle klimaatstipes. In albei gebiede kom uitgestrekte halfwoestyn en woestyngebiede voor, waar alleenlik ekstensiewe veeboerdery beoefen kan word. Nie een van die twee gebiede kan in alle opsigte in die voedselbehoeftes van hulle bevolkings — wat in albei gevalle vinnig aan die toeneem is — voorsien nie. Weens gebrek aan industrialisasie, asook die lae peil van ontwikkeling van die grootste gedeelte van die bevolking (90% van die werkers is ongeskoold), bevind die meerderheid van die Algeryne hulle in die landbou werksaam. Ongunstige geografiese faktore en die groot persentasie van die bevolking wat in die landbounywerheid werksaam is, is dan ook die rede vir die armoede van die grootste deel van die bevolking. Algerië se nasionale inkomste is heelwat laer as die van Suid-Afrika. Die lae inkomstepeil van die grootste gedeelte van die bevolking — veral aangesien dit merendeel op slegs een deel van die
bevolking — veral aangesien dit merendeel op slegs een deel van die

bevolking betrekking het — is natuurlik 'n bron van wrywing. Algerië is 'n land waar hoogs ontwikkelde lewenstandaarde hand aan hand gaan met die primitiefste en agterlikste.

Ten spyte van bg. het Frankryk tog veel aan Algerië gedoen, en die groot vraag op die toekomspad van Algerië is juis opgesluit in die feit dat die ekonomie van die land op Frankryk rus as die spilpunt. Franse kapitaal het in die verlede die meeste ontwikkelingsfondse verskaf en doen dit nog. Die Franse mark, beskerm en swaar gesubsidieer, neem omtrent die hele landbouproduksie op. Die nywerheid in Algerië is niks meer as 'n projeksie van die Franse ondernemings nie. Tog bly die lae lewenstandaarde voortbestaan.

Eers gedurende die 1954-opstande het die Franse Regering tot die besef van die groot probleme van Algerië gekom. In 1954 het 'n ondersoek aan die lig gebring dat 90% van Algerië se rykdom in die hande van 10% van die bevolking was, byna 1 miljoen Moslems werkloos en 2 miljoen gedeeltelik werkloos was, en dat die gemiddelde jaarlikse inkome van die landelike en stedelike Moslems respektieflik R32 en R90 was. Die rapport het die Franse padbou-, stedelike aanleg en gehondheidsprestasies aangetoon, maar ook verder daarop gewys dat as die veranderde waarde van die frank in aanmerking geneem word, Frankryk in 1953 presies soveel aan Algerië bestee het as in 1913.

Ondersoeke het ook aan die lig gebring dat hoewel die landbounywerheid nog veel gemoderniseer kan word, dit te betwyfel is of die lewenstandaard van die inwoners aansienlik verhoog sal word en of Algerië ooit werklik selfonderhoudend sal wees. Die jaarlikse inkome van 'n Moslemplaas is ongeveer R200 — vergelyk dit met die R5,600 per jaar van die blanke Algerynse plaas, wat gemiddeld 30 keer groter en 48 keer waardevoller as die Moslemplaas is. Dit is ook waar dat dit vir die Moslem lonender is om 'n landlose arbeider op die blanke plase te wees as om sy eie stuk grond te besit en te bewerk. Dit is dan ook om hierdie rede dat dit nie vir die regering sou baat om die blanke plase op te verdeel en dan aan die Mohammedaanse Algeryne oop te stel nie. Dit is die rede waarom soveel Moslems na Frankryk uitgewyk het as „trek-arbeiders".

Die Algerynse rebellie het 'n noemenswaardige invloed op die ekonomie van die land gehad. Gedurende die eerste fase het dit tot 'n styging van die landsinkomste gelei weens die groot getalle soldate wat die land binnegestroom het sowel as die werksmense aan die olienywerheid verbonde. Die styging is verder bestendig deur De Gaulle se „Constantine"-plan, waardeur omvangryke hulp op sosiale, ekonomiese en opvoedkundige gebied verleen is. Onder andere is belastingkortings toegestaan aan Franse firmas wat bereid was om in Algerië te investeer. Nywerheidsproduksie het as gevolg van die plan geweldig gestyg, maar dit het alleenlik tot voordeel van hawens (Algiers, Oran, Bône) en die reeds bevoordeelde

stedelike gebiede gestrek. Die armste en grootste deel van die bevolking is nie daardeur geraak nie, aangesien beleggers hulle selde buite die drie genoemde stede gewaag het. Die gaping tussen die stedelike en landelike gebiede verbreed steeds.

'n Faktor wat die hele posisie van die vrye staat, indien dit geheel en al aan die Moslem-ekstremiste oorhandig gaan word, bemoeilik, is die feit dat die hele administrasie en die beroepe van die florerende stedelike sentra van Algerië in Europese hande is. 75% van die Moslems is nog landelik terwyl 75% van die colons stedelik is. In 1954 was die statistiek in die verskillende bedrywe soos volg:

| | Colons | Mohammedane |
|---|---|---|
| Handel | 64,000 | 96,000 |
| Administratiewe dienste | 84,000 | 73,000 |
| Mynbou | 106,000 | 172,000 |

Hieruit kan daar afgelei word dat die colons die uitvoerende, besturende en ondernemende posisies beklee. Dit is dan ook om hierdie rede dat so 'n groot persentasie van die Europeërs in Algerië verstedelik is. Van die oorspronklike honderdduisende wat hulle in die hinterland gevestig het, het die oorgrote meerderheid stede toe getrek. Veel meer as die Franse van Frankryk, het die Europeërs van Algerië stadsmense geword en by hulle gemeenskaplike standsherkoms het hulle 'n nuwe eenheid gevind deur hulle gemeenskaplike verstedelikheid. Van die kwartmiljoen blankes wat aktief werksaam is in die stede, is omtrent 10% in die ligte nywerhede in diens, terwyl 32% van hulle werksaam is in bestuursorgane en beroepe, met 10% in die landsdienste en omtrent 20% as geskoolde en bedrewe tegnici. Hierdie mense is inderdaad die stukrag van 'n ordelike en vooruitstrewende administrasie in Algerië. Dit is hierdie mense se energie, dryfkrag en ondernemingsgees waarop die vooruitgang en welvaart wat daar wel is, gebou is.

Indien Algerië nou volkome onafhanklik word, ontstaan die vraag of hy dan in staat sal wees om alleen sy armoede-probleem op te los. Indien die blankes die land in groot getalle verlaat, of Franse hulp afgesny word, of die Algerynse Regering gedwing sal word om die land se olie-inkomste vir ander doeleindes as die noodsaaklike te gebruik, sal die Algerynse staat se onafhanklikheid hom niks baat nie. Die probleem van Algerië se steeds groeiende industrieë sal die land in die toekoms miskien noodsaak om tariefbeskerming toe te pas, maar dit kan op sy beurt weer tot ander ekonomiese gevolge lei, aangesien Algerië 5 keer soveel invoer (hoofsaaklik van Frankryk) as wat hy uitvoer. Op die wêreldmark het Algerië min kans om sy wyn en vrugte van die hand te sit en die talmende houding wat die Kommunistiese blok teenoor Tunisië en Marokko se uitvoere inslaan, toon aan dat daar nie eens sekerheid bestaan vir die uitvoer van produkte van Algerië na vriendskaplik-gesinde lande nie. Wat Algerië se politieke toekoms nou ook mag

wees, sal dit dwaas wees om sy ekonomiese bande met Frankryk te verbreek. Maar hier, soos in so baie ander vrywordende lande in Afrika, sal die ekonomie op die agtergrond geskuif word vir die politieke gevoelens van die massa.

Ontdekkings van oliereserwes in die Sahara het hierdie afgeskeepte wêrelddeel oornag die middelpunt van ekonomiese en politieke belangstelling gemaak. Die syfers van die Sahara-olie en natuurlike gasreserwes is in der waarheid indrukwekkend. Opbrengste — slegs 8½ miljoen ton in 1960 — sal na verwagting styg tot 40—50 miljoen ton in 1965. Frankryk se geweldige aandeel in die ontwikkeling van die Sahara-olievelde (die 13e grootste in die wêreld) moet deeglik voor oë gehou word, veral as die moeilike geografiese en klimaatsfaktore in aanmerking geneem word. Die olievelde is teen 'n geweldige koste ontwikkel en die Franse beheer tans nog 80% daarvan. Die koste verbonde aan ontginning is enorm, aangesien nie een van die putte in die Hassi Messaoud-gebied vlakker as 3,000 meter is nie. Die 500 myl lange pyplyn, van die olieveld van Hassi Messaoud en die hawe Bougie, het Frankryk ook groot somme geld uit die sak gejaag, aangesien die pyplyn nie alleen oor 'n woestyn en berge aangelê moes word nie, maar ook 4 voet onder die grond, om dit sodoende teen sabotasie te beskerm.

Die natuurlike gas in die Sahara kan nog 'n belangriker aandeel in die toekomstige ekonomiese ontwikkeling hê. Die gaspyplyne behoort vanjaar voltooi te wees, en dit sal 'n sleutelfaktor word in die industrialisering van Algerië.

Die grootste probleem kom egter in hierdie verband by die politieke agtergrond en verwikkelinge. Algerië se „Territoires du Sud" was vanaf 1902 tot 1957, afgeskei van Algerië deur 'n stippellyn (om aan te dui dat die gebied onder militêre beheer gestaan het). Die grensskeiding tussen Algerië en die Sahara was egter grootliks net administratief en die grense tussen Franse, Marokkaanse en Tunisiese suidelike gebiede, was baie vaag. Tunisië en Marokko het reeds sekere gebiede geëis op vae historiese gronde. Dat daar wel waarheid in steek is nie te betwyfel nie, want aangesien al drie hierdie gebiede onder Franse beheer was, is dit nie noodsaaklik gag om die drie gebiede definitief af te baken nie.

Hier kan dan ook net kortliks gelet word op die skrale bevolking van die Sahara wat ook 'n probleem skep. Hierdie mense het geen of baie min aandeel in die rebellie van die noorde gehad. Die pogings van die F.L.N. om hier 'n rebellie te begin het dan ook geen uitwerking op die inheemse bevolking gehad nie. Indien die F.L.N. dus 'n referendum moet hou is dit dan glad nie 'n uitgemaakte saak dat hulle hier 'n oorwinning sal behaal nie. En indien daar geen ooreenkoms met Frankryk oor die Sahara gemaak kan word nie, sal hierdie mense aan hulle lot oorgelaat word en in armoede verval. Geen oasisbewoner wat die afgelope jare kon werk vir 'n taamlike hoë loon by die oliemaatskappye, sal nou kan terug-

keer tot die tydperk toe hy dadels moes pluk om 'n bestaan te voer nie. Hier vleg die „menslike" en die ekonomiese probleem dus ineen.

Aan die ander kant eis Frankryk 'n afsonderlike oplossing van die Sahara-probleem. Die *Departements* van die Sahara word reeds vir jare direk vanuit Parys geadministreer deur die Minister vir die „Organisation Commune des Regions Saharennes". Daar is dus baie te sê vir die Franse standpunt dat die Sahara 'n afsonderlike vraagstuk is, waarby ook ander as net Algerynse belange betrokke is en waaroor daar later afsonderlik onderhandel kan word.

*Die ontwikkeling van die Franse beleid in Algerië tot 1954*

Vir baie jare, selfs tot na die Eerste Wêreldoorlog, het dit geskyn asof Algerië nie deur die ontwaking in die res van die Arabiese wêreld geraak is nie. Die moeilikhede wat wel beleef is, was grootliks van plaaslike aard. In 1871 bv. het daar 'n opstand in Kabylie plaasgevind, wat spoedig met die gewelddadigste maatreëls deur die Franse onderdruk is. Van 'n ander opstand in die Aurèsberge in 1916 het ook niks gekom nie.

Die toestand waaronder die grootste deel van die Moslembevolking verkeer het, moes vroeër of later tot 'n reaksie lei. Die eerste teken hiervan word in 1911 gevind toe 800 inwoners van Tlemcen, die Heilige stad van die Moslems, verklaar het dat hulle besluit het om na Sirië te verhuis. 'n Ondersoek het hulle griewe aan die lig gebring. Hulle klagtes was veral van godsdienstige aard, maar het ook gegaan oor die swak onderwysfasiliteite en die feit dat hulle taal geen erkenning in die skole geniet het nie. Die colons het egter gesorg dat die Franse Regering geen gehoor aan hierdie pleidooie gee nie.

Reeds in 1848 is Algerië as 'n deel van Frankryk verklaar en in drie „départements" verdeel. soortgelyk aan die in Frankryk, net veel groter. Elkeen het sy 'Préfect' (Hoofadministratiewe beampte) en sy plaaslike algemene vergadering, (die 'Conseil Général') gehad, en elkeen is in die Franse Parlement deur een afgevaardigde verteenwoordig. Die Goewerneur was hoofsaaklik verantwoordelik vir militêre sake en die administrasie is behartig ooreenkomstig die gebruike in Frankryk. Napoleon III, besiel met die idee van 'n Arabiese Koninkryk en gekant teen enige verdere Europese immigrasie, het in 1865 verklaar dat alle Moslems vanaf daardie jaar Franse onderdane sou wees, hoewel hulle nog steeds hulle eie persoonlike status onder die Moslemwette — insake huwelike, erfopvolging, ens. — kon behou. Verder kon Moslems benoem word in siviele en militêre betrekkings en kon hulle op eie aanvraag ook Franse burgers word. Baie min het egter hierom aansoek gedoen en hulle is nie juis daartoe aangemoedig nie.

Dit was die blankes wat op assimilasie van hulle wetgewende liggame met die van Frankryk aangedring het en nie soseer die Franse Regering in Parys nie. Dit was hoofsaaklik omdat hulle gehoop het dat die magte

van die goewerneur hierdeur verminder sou word. Die setlaars het hulle flater egter gou ontdek, want hulle is toe beroof van enige kontrole oor die regering van hulle land. In 1896 het desentralisasie en 'n mate van administratiewe en finansiële outonomie gevolg. Die goewerneur moes verder nou verantwoording doen aan die Franse Minister van Binnelandse Sake. In 1898 volg die skepping van 'n spesiale vergadering in Algiers, nl. „Délégations Finanscières", wat beheer moes voer oor die Algerynse spesiale begroting en bestaan het uit 48 Franse, 17 Arabiere en 7 Kabyles.

Frankryk kon nog nie besluit oor die vraag of volle assimilasie met die Moslems of aparte administrasie vir Algerië, die gewenste sou wees nie. Elke liberale stap of blote voorneme daartoe van die Franse Regering het die sterkste teenkanting aan die kant van die colons uitgelok. Die Franse amptenare in Algerië, van die hoogste tot die laagste rang, het in geval van hervorminge goed gesorg vir die deeglike afwatering daarvan by uitvoering. Diegene wat hulle enigsins teen die gebruik verset het, het gevind dat hulle spoedig herroep is.

Dit alles verklaar die ondoeltreffendheid van die amptelike beleid van die Franse Regering in Algerië. Die eerste groot hervormingsmaatreël was die van Clemenceau in 1919. Dit was die eerste poging wat aangewend is om die voorregte van die blanke minderheid te verminder. Die Moslembevolking sou van toe af verteenwoordiging kry in sekere plaaslike rade, hoewel slegs 'n minderheid op die kieserslys geplaas is en hulself verkiesbaar kon stel. Die Moslemafgevaardigdes het dus steeds in die minderheid gebly in die „Délégations Financières". Die spesiale belasting wat swaar op die Mohammedane gedruk het, is terselfdertyd ook afgeskaf. Dit was ook nou makliker vir die Moslems om Franse burgers te word, in teenstelling met hulle vroeëre status as Franse onderdane. Min Moslems het van hierdie kans gebruik gemaak, want daarvoor moes hulle hul besondere status onder die Moslemwette prysgee. Dit was te veel gevra van die Moslems wat sterk gebonde gebly het aan hulle eie Islamkultuur en -tradisies, selfs nadat die opvoeding aan die Franse skole hulle geloof soms verswak het. Slegs 2,500 het tussen 1865 (toe Franse burgerskap vir die eerste keer aan hulle oopgestel is) en 1934 daarvoor aansoek gedoen.

Die colons het tydens hierdie hervorminge gewaarsku dat 'n massatoename van die Moslemstemme op die blanke kieserslys tot latere geweldpleging kon lei. Dieselfde argumente is ook gebruik met die hervormingsplanne van Leon Blum en Maurice Viollette in 1936. Dit is dan ook Viollette wat die volgende waarskuwing aan die *Délégations Financières* in Algiers gerig het: „Take care, the natives of Algeria, thanks to you, no doubt, do not yet have a country. They are searching for one. At the moment they are asking that this country should be France. Make haste and give it to them, otherwise they will make one for themselves and it will not be ours" (Engelse vertaling uit „Algeria in Turmoil" van Clark).

Die Blum-Violette plan was 'n poging om die proses van assimilasie een stap verder as 1919 te dra. Een van die belangrikste voorstelle was dat die Franse burgerskap uitgebrei moes word, in so 'n mate dat die Moslems dit kon verkry sonder om hulle persoonlike status onder die Moslemwette te verloor. Dit was ook wat die Moslem-,évolués' verlang het, en Ferhat Abbas het dit soos volg gestel: „... daar is niks wat 'n Algerynse Mohammedaan verhoed om 'n ,nasionale' Fransman te word nie, niks behalwe kolonialisme nie". Dit titel van die boek waarin dit voorkom is nogal betekenisvol, nl. „Van 'n kolonie tot 'n provinsie". Net so betekenisvol was die verandering van die titel van die nuusblad wat Ferhat Abbas na die Tweede Wêreldoorlog in Algiers gepubliseer het. In 1945 is dit genoem „Gelykheid". In 1954 is dit herdoop tot „Die Algerynse Republiek".

Die Blum-Violette-plan het die Franse Parlement egter nie eens bereik nie. Slegs twee uit die 300 Franse burgemeesters wat gedurende Januarie 1937 in Algiers vergader het, het ten gunste daarvan gestem. Die mislukking van die plan is skerp gevoel deur die Fransgeskoolde Moslem-élite. Iets by die ,évolués' het hiermee gebreek en baie van hulle het nou oorgegaan na die nasionalistiese bewegings.

Verdere veranderings in die bestuur van Algerië het gekom in 1944, toe die kiesreg uitgebrei is om die hele Mohammedaanse manlike bevolking in te sluit en 'n tweevormige kiesstelsel ingevoer is. Die eerste kiesersgroep het bestaan uit al die Franse burgers, insluitende sekere kategorieë van meer ontwikkelde Mohammedane en die tweede uit die res van die Mohammedaanse manlike bevolking.

Die grondwet van die Vierde Franse Republiek (1946) het Frankryk met sy oorsese gebiede in 3 kategorieë ingedeel: die Franse Republiek self, die geassosieerde gebiede en die geassosieerde state. Dit sou saam die Franse Unie vorm. Die 3 Algerynse *departements* is nadruklik in die Franse Republiek self ingesluit. Volgens die grondwet was alle inwoners van die Franse Unie Franse burgers en is die Algerynse *departements* verteenwoordig in die Franse Nasionale Vergadering en in die Raad van die Republiek. Wette wat geldig was in metropolitaanse Frankryk, was ook geldig in die Algerynse *departements,* wanneer dit uitdruklik op hulle van toepassing gemaak is.

In 1947 het die Franse Parlement die „besondere aard" van Algerië erken en 'n Algerynse Statuut uitgevaardig, wat voorsiening gemaak het vir die Goewerneur-Generaal, 'n Regeringsraad en 'n Algerynse Volksraad van 120 lede, waarvan die helfte van die lede gekies is deur die eerste kiesersgroep bestaande uit blankes en sekere groepe Mohammedane d.m.v. wetgewing omskryf, terwyl die ander helfte gekies is deur die res van die Mohammedaanse bevolking. Dit was 'n provinsiale regering en die verteenwoordiging van die Algerynse *departements* in die metropolitaanse volksverteenwoordigende liggame het voortgeduur. Die beginsel

van gelyke verteenwoordiging van die twee kiesersgroepe is ook toegepas in sekere *communes* (stadsrade) en is in 1954 uitgebrei na die algemene rade van die *departements*.

In hierdie verband, en veral met betrekking tot die Sahara-vraagstuk, kan daar gelet word dat die suidelike gebied, met sy vier *departements* reeds op 24 Desember 1902 tot stand gekom het. Hierdie gebiede was onder militêre beheer.

Hierdie regerings- en administratiewe struktuur het van krag gebly tot by die uitbreek van die opstand in 1954.

*Die ontwaking en groei van die Algerynse Nasionalisme*

Dit word dikwels gesê dat Algerië niks anders as 'n Franse skepping is nie. Algerynse nasionalisme vind dan ook nie sy voedingsbron in 'n langverlore nasionale onafhanklikheid nie, maar eerder in 'n reaksie teen die Franse kolonisasie en deesdae in die daarstelling van 'n aparte identiteit en persoonlikheid. Die pan-Arabiese idees het dan tog ingang gevind in die geslote wêreld van die Algeryne. As Algerië vandag in die gedagtes van miljoene Moslems bestaan, het dit ontstaan en gegroei gedurende die rebelliejare, wat die belangrikste faktor was in die verspreiding van die denkbeeld van die Algerynse nasie. Maar dit het ook ontwaak omdat die Franse, anders as hulle voorgangers die Turke, Algerië 'n afsonderlike identiteit gegee het, selfs al het dit koloniale status behels en die Algeryne nie 'n groot aandeel in die bestuur daarvan gehad nie. In hierdie opsig kan daar dus gesê word dat die Algerynse nasionalisme 'n Franse skepping is.

Die stigter van die eerste Algerynse nasionale beweging was 'n Algerynse offisier in die Franse leër — Emil Khaled. Reeds gedurende die vroeë twintiger jare het die idee van Algerynse onafhanklikheid hom beetgepak. Sy invloed was egter baie gering.

Die eerste belangrike nasionalistiese organisasie is in 1925 gestig deur Messali Ahmed Ben Hadj, wat as fabriekswerker in Frankryk aangesluit het by die Franse Kommunistiese Party. Saam met ander stig hy later die *Etoile Nord Africaine* (E.N.A.). Hoewel die vereniging politieke onafhanklikheid vir Noord-Afrika geëis het, was sy aksies hoofsaaklik beperk tot Algerië. In 1929 en weer in 1937 is die beweging deur die Franse Regering onwettig verklaar, en in 1937 stig Messali Hadj die *Parti du Peuple Algerien.* (P.P.A.). Ook hierdie party is onwettig verklaar en in 1941 is Hadj onder arres geplaas en tot na die einde van die oorlog gevange gehou.

Inmiddels is in 1930 die *Federasie van Verkose Mohammedane* gevorm. Dit het bestaan uit diegene wat gedien het op die verskillende verkose liggame onder leiding van dr. Bendjelloul en het ook Ferhat Abbas (die vroeëre „Eerste Minister" van die huidige C.P.R.A.) ingesluit. Die oorspronklike oogmerk van die Federasie was die bevordering van

Mohammedane in die Franse gemeenskap. Die Tweede Wêreldoorlog het egter 'n keerpunt teweeg gebring gebring in die ontwikkeling van die Algerynse nasionalisme veral as gevolg van die neerleeg en vernedering van Frankryk in 1940, waardeur 'n groot deel van die prestige wat Frankryk nog in die oë van die Moslems gehad het, nou ook verdwyn het.

Na die kering van die oorlogskanse in 1943 in die guns van die Geallieerdes, het die leiers van die Federasie die *Manifes van die Algerynse Volk* uitgevaardig, waarin o.a. verklaar word dat assimilasie nie langer bereikbaar was nie, maar „'n gevaarlike instrument in die diens van kolonialisme geword het", en waarin origens die erkenning van die politieke selfstandigheid van Algerië as 'n soewereine staat onder toesig van Frankryk, en die reg op selfbeskikking, geëis word.

Die Franse Regering het hierdie eise verwerp, maar het tog probeer om die groeiende nasionalistiese verset teen te gaan deur die instelling van hervormingsmaatreëls (in Maart 1944), wat egter nie daarin geslaag het om die nasionaliste tevrede te stel nie.

Ander invloede wat grootliks tot die ontwaking van die politieke bewussyn sou lei, was terselfdertyd ook in Algerië aan die werk. Pan-Arabiese idees het nou vinnig Algerië begin binnesypel veral deur die werksaamhede van Emir Chekib Arslan. Vanaf sy basis in Genève het hy noue kontak gehad met die Noord-Afrikaanse nasionaliste in Tunisië (o.a. die latere pres. Bourguiba) en met Messali Hadj, op wie hy 'n groot invloed uitgeoefen het. Dit was hy wat die idees versprei het dat Maghreb — die Arabiese weste: Tunisië, Algerië en Marokko — deel was van die Arabiese wêreld en dat sy stryd om onafhanklikheid deel was van die groot Arabiese bevrydingsbeweging.

Terselfdertyd is pogings in Algerië aangewend om die Moslemgebruike weer in ere te herstel. Die Ulema, 'n hervormingsliggaam van die Islamwette, het hom ook daarop toegelê om 'n nasionale bewussyn onder die Moslems tot stand te bring. Die Ulema se lede het hulle geheel en al verset teen die assimilasiebeleid en die leier van die beweging, Ben Badis, het Moslems wat die Franse burgerskap verkry en aanvaar het, as verraaiers beskou. Die Ulema het hom veral toegespits op die onderwys. Danksy 'n tekort aan Franse regeringskole, het hulle nie veel moeite gehad om duisende Arabiese kinders en selfs volwassenes na hulle onafhanklike Koranskole te trek nie. Hierdeur het hulle grootliks bygedra tot die verspreiding en kennis van die Arabiese kultuur en geskiedenis, en dus ook meegehelp tot die opbou en groei van 'n Arabiese nasionale bewussyn.

Na die oorlog het die twee belangrikste leiers, Abbas en Hadj, voortgegaan om politieke verset te organiseer en dit het hulle andermaal in die gevangenis laat beland a.g.v. die onluste wat saamgeval het met die vredesvierings van 1945.

In 1946 het Abbas die *Union Democratique du Manifeste Algerien* (U.D.M.A.) georganiseer om die oogmerke van die oorspronklike manifes

na te streef. In 'n beroep wat hy in Mei 1946 op die Mohammedaanse en Franse Algerynse jeug gedoen het, spreek hy hom uit ten gunste van die vryheid van Algerië, maar in noue samewerking met Frankryk en as voorstander van gelyke regte aan beide rasse in Algerië. Sy voorstelle toon sterk ooreenkoms met die planne van genl. De Gaulle in Nov. 1960. In die lig van latere gebeure blyk die voorstelle baie gematigd te wees.

In hierdie tyd het Messali Hadj ook weer te voorskyn getree met 'n nuwe beweging die *Mouvement du Triomphe des Libertes Democratiques* (M.T.L.D.).

Die UDMA was 'n betreklik gematigde groep bestaande hoofsaaklik uit lede van die intellektuele en middelklasse, terwyl daar binne die M.T.L.D. 'n groep ontwikkel het onder leiding van Ben Bella wat afgestuur het op 'n gewapende opstand. In 1954 het Ben Bella die *Comité Revolutionaire pour l'Unité et l'Action* (C.R.U.A.) gestig, en hieruit het die nou so bekende *Front de Liberation Nationale* ontwikkel.

### *Die Algerynse opstand*

Op 1 November 1954 is die eerste aanval geloods op militêre en polisieposte dwarsdeur Algerië, en daarmee het die languitgerekte gewapende stryd begin. In 1956 het Ferhat Abbas hom by die F.L.N. gevoeg en in die afwesigheid van Ben Bella e.a. leiers, wat in dieselfde jaar gevange geneem is, uitgestyg tot leier van die F.L.N. en mettertyd tot „premier" van die voorlopige republikeinse regering (G.R.P.A.).

Die skeuring van die M.T.L.D. in 1954 het die gevolg gehad dat die volgelinge van Messali Hadj hulle georganiseer het in die *Mouvement National Algerien* (M.N.A.) wat as mededinger van die F.L.N. opgetree het. Gewapende bendes van die M.N.A. is aangeval sowel deur die Franse magte as die F.L.N., en vandag is hulle invloed hoofsaaklik beperk tot Algerynse werkers in Frankryk waar sluipmoorde onder lede van die twee mededingende organisasies meermale plaasvind.

Namate die opstand uitgebrei het, is kontak gemaak met ander lande en veral met lande van die Kommunistiese blok en die Afro-Asiatiese state. Verteenwoordigers van die rebelle het deelgeneem aan die Afro-Asiatiese Konferensies en teen die helfte van 1960 het 18 lande, waaronder Sjina, Marokko, Tunisië, die Verenigde Arabiese Republiek en Indonesië, die G.R.P.A. erken as die wettige regering van Algerië. Tass, die Russiese nuusagentskap, het ook (*Transvaler*, 30.3.62) berig dat die voorlopige Algerynse regering „met genoeë ingestem het om diplomatieke betrekking met Rusland aan te knoop. Op hierdie wyse het die opstand aan krag gewen, aangehelp deur die insmokkeling van wapentuig en simpatieke hulp van Tunisië en Marokko, wat dien as kanale vir die verbinding met die buitewêreld. Inmiddels het die G.R.P.A. ook daarin geslaag om d.m.v. die Afro-Asiatiese groep in die V.V.O. die Algerynse vraagstuk bespreek te

kry. Frankryk wat dit as 'n inmenging in sy huishoudelike sake bestempel het, het hom aan die besprekings onttrek.

Die opstand is aanvanklik as niks meer as 'n stamopstand beskou nie, nietemin het die Franse Regering dit met energieke militêre optrede bestry. Op die grense van Tunisië en Marokko is met verloop van tyd geëlektrifiseerde doringdraadversperrings aangebring om te verhoed dat die rebelle van die een staat na die ander beweeg. In hierdie selfde tyd het die verslane Franse leër ook uit Indo-Sjina teruggekeer en in Algerië gaan veg. Aan die ander kant is 'n program van administratiewe en ekonomiese hervormings toegepas in die hoop om die gebied tot rus te bring. Met rebelle-bevriende state op die oostelike en westelike grense en met die Sahara as agterdeur, kon die Franse egter nie daarin slaag om 'n effektiewe einde aan die opstand te bring nie. Die F.L.N. het daarby voldoende fondse verkry deur heffings op die Mohammedaanse bevolking, afgedwing deur summiere strawwe, insluitende teregstellings. In 1958 het hulle aan die opstand 'n nuwe status probeer gee deur die proklamering van 'n voorlopige republikeinse regering, die reeds gemelde G.R.P.A.

Die oorlog het Frankryk gedwing om byna ½ miljoen troepe in Algerië te hou, in vergelyking met die 50,000 toe die opstand uitgebreek het. Dit het die lewens van duisende mense gekos, dog dit is moeilik om vas te stel presies hoeveel. In 1958 het die Algerynse oorlog die Franse belastingbetaler R2,000,000,000 uit die sak gejaag. Maar nog belangriker: die oorlog het die Franse volk verdeel en die politieke onstabiliteit van die land tot 'n groot mate verskerp.

Omdat die swak regerings in Frankryk nie die opstand kon demp nie, het die vernaamste militêre leiers in Algerië op 13 Mei 1958 betoog en die val van die Vierde Franse Republiek veroorsaak en genl. De Gaulle is aan bewind gestel. Die hoop het geheers dat hy die Franse gesag in die gebied kon herstel en ook die moeilikhede sou oplos. Die Algerynse Nasionale Bevrydingsfonds (F.L.N.) het egter teengekap en die voorlopige Algerynse Regering saamgestel met Ferhat Abbas as premier.

Met die bewindsaanvaarding van De Gaulle is die Franse beleid t.o.v. sy oorsese gebiede radikaal gewysig. Die Franse Unie is vervang deur die Franse Gemeenskap en daarin het die verskillende Afrika-gebiede van die ou koloniale ryk, met die uitsondering van Algerië, die een na die ander volle „Soewereiniteit na buite" en lidmaatskap van die V.V.O. gekry. In September 1958 het De Gaulle hom ook vir die eerste keer ten gunste van „selfbeskikking" vir Algerië uitgespreek. Die vraag was nou slegs wanneer en hoe dit sou geskied. In September 1959 het hy verklaar dat daar slegs een oplossing was wat Frankryk waardig wou wees, nl. dat die Algeryne oor hulle eie toekoms sou besluit. Die eerste Frans-Algerynse samesprekings het in Junie 1960 plaasgevind, maar dit het dadelik misluk.

Op 16 November 1960 is aangekondig dat 'n referendum gehou sou

word om oor die maatreëls van De Gaulle te stem en die referendum is dan ook in Januarie 1961 gehou. Die G.R.P.A. het die referendum geboikot en slegs 59% van die stemgeregdigdes in Algerië het na die stembusse gegaan. De Gaulle het egter die meerderheid verkry en kon dus met sy planne voortgaan. In 'n radio-rede (11.4.61) het De Gaulle aangedui dat Frankryk bereid was om die onafhanklikheid van Algerië na binne en buite te erken, maar dat hy begeer dat een of ander vorm van assosiasie tussen die twee lande sou bly voortbestaan in belang van beide Algerië en Frankryk. As dit nie gebeur nie sou Frankryk verplig wees om hom geheel en al uit Algerië te onttrek en daarmee die indrukwekkende finansiële hulp en hulp in die vorm van geskoolde tegniese mannekrag wat Frankryk nog altyd aan die gebied voorsien het. Mense van Franse herkoms wat dit begeer sou gerepatrieer word en die Algeryne wat in Frankryk werk sou na Algerië teruggestuur word. Veder het hy ook gesinspeel op die moontlikheid van die hergroepering van die gemeenskappe in Algerië en die beskerming van diegene wat by Frankryk bly.

Bogenoemde plan sou vir die ekonomie van die gebied ernstige gevolge meebring, maar baie van die Algerynse opstandelinge meen dat in die huidige wêreldklimaat die nodige hulp van elders verkry kan word. Wat hulle meer ontstel is die gedagte aan die „hergroepering van die gemeenskappe", d.w.s. gebiedskeiding, wat hulle as 'n bedreiging van toekomstige soewereiniteit beskou.

De Gaulle se plan het hom onmiddellik die bittere weerstand van die blankes op die hals gehaal. Op 21 April 1961 is daar onder aanvoering van 'n aantal leëroffisiere (generaals) 'n mislukte staatsgreep uitgevoer. 'n Paar van die leiers is wel gevang, maar die ander verkeer nog op vrye voet, en sedertdien voer hulle en hulle volgelinge, bekend as die O.A.S., 'n ondergrondse stryd teen die bewind van De Gaulle. Dit is nie net in Algerië waar daar 'n toestand van chaos en anargie heers nie, dog die O.A.S. het reeds sy verskyning in Frankryk gemaak. In Algerië en Frankryk heers daar vandag 'n toestand wat nie ver van 'n burgeroorlog is nie.

Met De Gaulle se bewindsaanvaarding was hy volkome regsgesind en was hy en sy volgelinge in die oë van alle linksgesinde elemente (soos die Sosialiste, die Radikaal-Sosialiste en die Kommuniste) doodsvyande. Die ironie van die saak is nou dat dit hoofsaaklik die regse elemente is wat hulle teen De Gaulle keer, terwyl dit die linkse elemente is wat hom steun in sy optrede om aan Algerië onafhanklikheid te verleen. In die politieke verhoudinge in Frankryk het daar dus 'n algehele ommekeer ontstaan.

*Slot*

Vanuit alle kante van die wêreld is die skietstakingsooreenkoms met vreugde begroet. Slegs aan die kant van die blanke Algeryne heers daar

nie vreugde nie en hulle is dan ook reeds vir 'n geruime tyd besig met 'n stryd teen president De Gaulle en sy regering.

Die toestand waarin hierdie mense verkeer is inderdaad tragies. Die Franse volk is bereid om diegene wat Algerië wil verlaat te ontvang, maar die ander wat nie wil padgee nie, word aan hul lot oorgelaat. Voor die uitbreek van die oorlog (1939) sou so 'n houding by 'n blanke volk en regering eenvoudig ondenkbaar gewees het, dog vandag word so 'n manier van optrede deur die verskillende blanke lande met toejuiging begroet.

Die blankes in Algerië — altans 'n aansienlike deel — bly nog in verset teen die nuwe reëling. Indien hulle 'n verdere militêre stryd wil aanknoop, is die eerste vereiste vanselfsprekend ammunisie. Waar die Algerynse opstandelinge sedert 1954 al gesteun is deur geheime wapenlewerings, is dit feitlik uitgeslote dat die blankes op hierdie wyse van wapens voorsien sal word.

Daar is min simpatie in die wêreld vir hierdie mense. Ons, as blankes in Suid-Afrika, kan miskien beter as enigiemand anders hulle posisie begryp, selfs al sou ons veel wat hulle doen nie goedkeur nie. Hulle posisie vertoon veel ooreenkoms met ons eie, hoewel hulle s'n miskien moeiliker is, want ten spyte van die getalsverhouding wat 1 tot 9 is, word hulle posisie bemoeilik deur 'n godsdiensstryd. Die blankes verteenwoordig die Christendom teenoor die Mohammedanisme. Teen die hele agtergrond van die Moslemse indringing en oorheersing van Noord-Afrika, wat nou een wêreld vorm met die 300 miljoen Mohammedane van Afrika, Klein-Asië en Indië, is dit 'n baie belangrike faktor.

Dit lyk asof 'n nuwe bloedbladsy in die geskiedenis van die wêreld geskryf gaan word. Of die blankes in Algerië hiermee iets sal bereik en of dit maar net die pynlike begin van die einde gaan wees, sal die tyd alleen leer. Deur Frankryk verlaat, is die skrif vir hulle egter aan die muur en dit wil voorkom asof dit hulle eie Franse volksgenote sal wees wat hulle op die slagveld die genadeslag sal toedien, net soos dit reeds op politieke terrein gebeur het.

Ons sien dus dat een van die grootste tragedies van die na-oorlogse tydvak besig is om in Noord-Afrika na sy krisispunt te loop. Indien Frankryk op die een of ander wyse sy oliebelange in die Sahara kan beveilig, gaan genl. De Gaulle Algerië aan die Algeryne oorhandig en daarmee die miljoen blanke colons aan die onsekere genade van die Moslemmeerderheid prysgee — en as sodanig met sy hande in onskuld gewas uittree uit Algerië en dit as 'n onafhanklike „kookpot" los.

P.U. vir C.H.O. L. J. Twyman.

## BRONNE


1. Behr, Edward: *The Algerian Problem.* (Penguin Special) Londen 1961.
2. Bulletin van die Afrika-Instituut, Deel 1, 1961, no's 4 en 12.
3. Clark, Michael K.: *Algeria in Turmoil.* Londen, 1960.
4. Current History, Oct. 1961.
5. Keesings Contemporary Archives, 1959—60.
6. Mansell, Gerard: *Tragedy in Algeria.* Londen, 1961.
7. Winkler en Prins: *Boek van het jaar*, 1961.
8. Koerantberigte:
   (a) Die Transvaler.
   (b) Dagbreek en Sondagnuus.
   (c) The Star.